

STILTE IS DIE ANTWOORD

deur Stephan Joubert (E-Kerk)

Ken jy daardie groot stilte van die anderkant af as jy met God praat en soms niks terughoor nie. Wel, hier is 'n nuusflits as jy worstel met sogenaamde onbeantwoorde gebede: **Stilte is partykeer presies die regte antwoord.**

Die woestyn is dikwels beter as die oase. Hoekom? Wel, daar **leer jy om afhanklik van God te wees.** Daar leer jy om vas te byt en te volhard. Daar leer jy die sagte fluisterings en die diep teenwoordigheid van God ken. **Stilte is nie 'n "nee" van God se kant af nie.** Stilte is wagtyd, rustyd!

Stilte is nie regtig stilte as dit die Here se soort is nie. Dink mooi hieroor na! By God is stilte juis 'n tyd van leer, soek, bepeinsing en nuwe insigte. In sulke tye doen jy wat **Psalm 130** sê — dan wag jy op die Here.

Wag in die Here se voorhowe is nie om op dinge te wag nie. Gebed gaan nie regtig oor versoeke, vrae en antwoorde nie, maar oor God. **Gebed is om net by Hom te wees. Dis om in 'n verhouding met Hom te staan in Jesus se Naam.**

Dis om God se lof te besing, al wil letterlik alles in jou uitroep dat daar geen rede vir lof is nie. **Gebed is om die Here groot te maak.**

Gebed is om God se skoonheid te beleef en daaroor bly te wees. **Gebedstilte sê nie God is weg of besig met belangriker dinge nie.** Hy is naby. Wag op die Here. **Wag totdat jy Hom in die stilte hoor.**

Nee, wag totdat jy God se soort stilte hoor. Dis stille nabyheid!

Ek bid

Almagtige God, ek luister
My woorde is vandag min
Dis wagtyd in U voorhowe
Dis rustyd aan U voete
Praat met my in stilte
In Jesus se Naam
Amen

Liewe lidmaat van Rietfontein-Suid: Wag op die Here! Hoor Sy stem juis in die stilte wanneer jy wag op Hom. Beleef hoe Hy op die regte tyd, die beste tyd, SÝ tyd, die stilte verbreek en ingryp in jou lewe.

Ds Leon Tait



Die Gees se skryfblok

Nee! die Gees se skryfblok is nie van papier ingevoer uit die Bybellande nie. Die Gees skryf in mense se lewens en harte. Ek en jy is die skryfblok van die Gees. Hoor wat sê Paulus hieroor: *Julle toon duidelik dat julle 'n brief is van Christus..geskryf met die Gees (2 Kor 3:3)*

Ons is wandelende, pratende en doenende briewe wat deur die Gees geskryf is vir die wêreld en almal om ons, om ons te lees. Daarom is wat Moody gesê het so waar: *Uit 100 mense sal een persoon die Bybel lees, die ander 99 lees daardie persoon.*

Wat die Gees skryf is baie eenvoudig en duidelik. Hy skryf Christus in ons harte in en wil Hom al hoe duideliker teken en sigbaar maak deur ons lewe. Daar is vier Evangelies geskryf in die Bybel naamlik Matteus, Markus, Lukas en Johannes. In 'n sekere sin is ek en jy die vyfde Evangelie. Elke dag skryf die Heilige Gees in ons lewe vir ander om te lees oor die goeie nuus van hoe wonderlik Jesus is, hoe Hy vrymaak en lewens verander.

So waardevol ag die Here ons dat HY van ons Heilige Gees-briewe maak! Die groot vraag is natuurlik of ons Hom toelaat om te skryf wat Hy deur ons wil leesbaar maak? Is ons bereid om afgelewer te word by die adres waar Hy die goeie nuus wil laat hoor? Is die Gees se handskrif duidelik leesbaar in ons lewe?

So belangrik is dit vir God dat ons Sy briewe sal wees dat Hy op Pinkster sy Gees kom gee het om in ons te kom woon en werk. Geseënde Pinkster 2014!

ds Leon van Heerden

!! ONTHOU DATUMS !!

- ♦ **1 Mei:** Vakansiedag
- ♦ **2 Mei:** Skoolvakansiedag
- ♦ **11 Mei:** Gesinne in Harmonie Diens
- ♦ **18 Mei:** Omgeesondag
- ♦ **25 Mei:** Youthbash @ 18:00
- ♦ **29 Mei:** Hemelvaartdag, Hemelvaartdiens

Sien jou daar!

Kort boodskap vir al ons Mamma's

Dankie vir die onvoorwaardelike liefde van 'n Moeder.
 "We often take for granted the very things that most deserve
 our gratitude." - Cynthia Ozick



BOOMSLOPING en snoei van bome & struik. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

GRATIS - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, verouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze 072 111 3100, email - ilzedples@gmail.com

Die Gemeente wat vir almal omgee!



KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:
 Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:

Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591

Ek lê jou vandag voor God neer.
 Hy ken jou naam, jou lag, jou seer
 Hy hou jou vas, wil vertroos
 Teen Sy bors druk en liefkoos
 Hy ken die onstandlighede, wat jou pla
 Hy hou jou hand, Hy wil jou dra
 Hy neem elke Las, kommer en vrees
 Ek bid vandag dat jy Sy Gees ervaar
 Dat jy staande sal bly, Hy is daar
 Moenie kyk na die berg voor jou
 Moenie dat versoekings jou onderkry
 Jy is 'n Koningskind, geroep by die naam
 Hy het jou lief, elke treë stap Hy saam
 Jou hand in Syne, Hy sal nooit laat los

My gebed is dat Hy jou seën met als wat mooi is
 Liefde, vrede, vreugde, wysheid, vriende, glimlaggies, sonskyn en die gawes van die Gees.

Dankie vir die geleentheid om u van diens te wees!

Wil u eiendom koop, verkoop, huur of verhuur?

Ek is seker dat my diens u tevrede sal stel, soos hierdie tuisgemaakte mosterdresep alle gebruikers tevrede stel!

Mosterdresep:

1 blik kondensmelk, $\frac{3}{4}$ koppie asyn,
3 tl mosterdpoeier.

Meng asyn en mosterdpoeier tot glad. Voeg kondensmelk by en laat oornag staan. Bottel en gebruik soos benodig.



Alfreda Le Roux

Agent

(O) [012 940 5484](tel:0129405484) (C) [079 271 8137](tel:0792718137) (F) [086 633 2724](tel:0866332724)

Email: alfreda.leroux@seeff.com



This communication is intended for the addressee only, it is privileged and confidential and any unauthorized dissemination or copying is prohibited. If you have received this communication in error please notify us immediately and please destroy the original message.

GENADE IS 'n reusewoord. Amper TE GROOT om te verstaan. Omdat genade ons OORMAAK:

Genade is iets wat eenvoudig gegee word. Genade neem die onbruikbare stukkies van ons laslappielewe en werk dit nog voor ons vra, aanmekeer in pragtige heelwees-prentjies. Dit neem die hart wat deur die modder gesleep is hemelse wassery toe en hang dit weer - silverskoon en netjies gestryk - op die hanger van die lewe. Dit maak moedeloos weer mense van hoop, verander bitterheid in vergifnis en herskep verlore nes in ewigheidskinders. Deur genade word 'n troostelose toekoms omskep in 'n lewe wat uitsien na môre.

Godelike genade stel nie voorwaardes nie, het nie verwagtige nie, deel nie reëls uit nie en verwyf nooit nie. Dit sê: Ek het jou lief net soos jy is. Jy hoef nie 'n eers-mens te wees nie: iemand wat eers moet doen, werk, lyk, gee en dien nie. Ek gee aan jou My vergifnis, aanvaarding en liefde terwyl jy is wat jy is. Want Ek het gekom om uitgetorringde lappiesmense se lewe aanmekeer te werk tot 'n hemelse eenheid.

God se genade is te groot om te verstaan. Tog is dit waaroor ons geloof gaan. Waaroor die liefde, die lewe en die ewigheid saam met Christus gaan.

Gelukkig hoef ons nie eers die omvang van God se gee-genade te begryp voor ons dit aanvaar nie. Ons dat dit, wat so onvoorwaardelik aan ons geskenk word, maar net met dankbaarheid omarm en ons eie maak.



PINKSTER 2014

DIE HEMELSE GESKENK-UITDELER: DIE GEES

1 Kor 12 en 13



1. Sondagoggend, 1 Junie om 9:00 (ds Cobus Mey)
2. Maandag, 2 Junie om 18:30 - **DIE WAARDEVOLSTE GESKENK: JESUS**
(1 KOR 12:1-6)
3. Dinsdag, 3 Junie om 18:30 - **DIE UNIEKE GESKENK: GAWES**
(1 KOR 12:7-11)
4. Woensdag, 4 Junie om 18:30 (Ds Cobus Mey)
5. Donderdag, 5 Junie om 18:30 - **DIE ONMISBARE GESKENK: MEKAAR**
(1 KOR 12:12-28)
6. Sondagoggend, 8 Junie om 9:00 - **DIE GROOTSTE GAWE: LIEFDE**


It is better to be trusted than liked,
Underpromise - Overperform



Begroting 2014

NG GEMEENTE RIETFontein-SUID	WERKLIK	BEGROOT
Maandelikse Dankoffer	311 150	337 500
Offergawes Eredienste	49 855	55 000
Sinodale deurkollekte	6 068	6 750

NG GEMEENTE RIETFontein-SUID INKOMSTE JAN-MAART 2014



Kambodja-projek - "Rys vir arm oumense"

Skenkings word asseblief gevra vir rysvoorsiening vir arm oumense wat amper doodgaan van honger.

Eenmalige of maandelikse bydra kan gemaak word aan:

Bamboo shoot: A Glas / ABSA, Spaar rek no. 038187730900

Verwysing: Voedingskema